Volume 8
Desember 2010

UMASIPALA
LOCAL MUNICIPALITY
PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

BAVIAANS

Participation for Development

NUUS
NEWS
INDABA

www.baviaans.gov.za Tel: 044 923 1004 Fax: 044 923 1122

BURGEMEESTER SE BOODSKAP

Elke dag van my termyn as Burgemeester kry ek te doen met verwaarlosing. Enkele voorbeelde: Verwaarlosing van voertuie is oral op ons paaie te sien; verwaarloosde staatsgeboue; verwaarloosde huise, tuine, heinings, deure. Die ergste – verwaarloosde mense!

Om te laat verwaarloos is om 'n boom van sy blare te stroop en net die kale stam laat oorbly met geen verweer. Daar kan baie lank gepraat word oor die taak van die staat en munisipaliteite om verwaarlosing te voorkom. Van staats kant word munisipaliteite nou verplig om na hul instandhoudings begroting te kyk. Ons Baviaans munisipaliteit se geval het die begrote bedrag van 3% van die begroting in 2005 na 9% van die begroting in 2010 gestyg en steeds is daar instandhoudings agterstande.

Daar rus egter ook 'n verpligting op die huis-/plaaseienaar om in sy begroting te begroot vir instandhouding. Dit is so mooi om te sien as huiseienaars teen die einde van 'n



jaar hul huise en tuine regruk – dit voorkom verwaarlosing. Dan is daar weer ander huishoudings en besighede wat oor genoeg geld beskik, maar eerder die geld aan 'n lang vakansie spandeer, eerder as om na hul eiendom om te sien – dit help weer verwaarlosing aan.

Hier rondom Kersfees is die verwaarlosing van mense vir my die ergste. Daar is mense wat net eenvoudig nie omgee oor hulself nie. Die gesegde lui: *Daar is redes hoekom jy arm is, maar geen rede waarom jy nie netjies en skoon (en nugter) kan wees nie!* Hierdie is van toepassing op alle vlakke van ons gemeenskap. Wat is mooier as 'n man of vrou, oud of jonk, wat na hom/haarself omsien? Wat is leliker as iemand wat verslons en onversorg voorkom?

Om te verwaarloos of te laat verwaarloos is 'n keuse – gewoonlik 'n prioriteits keuse en hierdie keuse het meestal met menswaardigheid te doen.

My wense is dat Kersfees 2010 'n helder somer Kersfees sal wees, waar ons sal lag, omgee en lief wees (vir onsself en vir ander, veral vir kinders). Alleen dan sal ons verwaarlosing raaksien en daarmee kan handel.
Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2011.

Tourism News



In a meeting held on 18 November 2010 the community members of Baviaanskloof in conjunction with the Baviaanskloof Police, Eastern Cape Parks & Tourism Agency, Department of Roads and Public Works and Agri Eastern Cape agreed on the the following decision taken:

All tourists/visitors (foreign and local) visiting the Baviaanskloof will be asked to purchase a day visitor permit when entering the Baviaanskloof Nature Reserve. Cost to a permit: R30.00 per adult and R15.00 per child U/12. Permits will be available at the Komdomo Office and entrance gate on the eastern side and at the Baviaans Tourism Office in Willowmore, Makkedaat Caves, Zandvlakte and the entrance gate (from 20 Dec) on the western side of the Kloof.

Residents in the Baviaanskloof, family and close friends living outside the Baviaanskloof can apply for a free access disc to access and travel through the Reserve. A free access disc will allow residents of Baviaanskloof, their family and close friends, and those doing regular business in Baviaanskloof, to access and travel through the Reserve free of charge, day or night. Family coming from far to visit relatives in the Kloof who do not have an access disc on their arrival, can arrange for free access through the Reserve at the entrance gates. It will however be better if arrangements can be made in advance so the ECPTA gate guards are informed prior to their arrival. The pre-arrangements can be made with Gavin Shaw on 079 496 7893 or Gareth Eloff on 079 496 7818 or 044 2729908. Baviaans Tourism will assist residents to have as many discs issued before the holiday season start. It was requested that all residents in the Kloof obtain their discs before 15 December 2010. Disc application forms are available at Baviaans Tourism and from Gavin Shaw.

Currently, gates are manned 24 hours a day. Tourists visiting the Baviaanskloof will be asked not to enter the Nature Reserve after dark (18h00 to 06h00 in winter and 19h00 to 05h00 in summer). This is purely for safety reasons. Those with free access discs will however still be allowed to enter the Reserve after above mentioned times.

Permission to take dogs through the Nature Reserve must be obtained in advance. However, if a person arrives at the Reserve gate without prior arrangements, permission to enter can also be given at the gate. This will only apply to those wanting to access and drive through the Reserve without using any of the Reserve facilities. Tourists wishing to visit or stop on any premises within the Reserve (Smitskraal, Rooihoek etc.) will not be allowed to take dogs through.



Firearms - All firearms must be declared when entering the Reserve. At the gate, the firearm needs to be handled and made safe by the owner of the firearm. Thereafter, the firearm will be sealed by an ECPTA official. The seal will only be broken again once the visitor exits the reserve.

Search of vehicles - ECPTA officials have the right to search all vehicles.

Motorbikes & Quad bikes: Unlicensed vehicles, unlicensed motorbikes and quad bikes will not be allowed to enter into the Reserve. Quad bikes and unlicensed motorbikes will however be allowed to be taken through the Reserve on a trailer. The bikes will be sealed by ECPTA officials at the gate until they exit the Reserve again. Mr. Herman Smit from the Baviaanskloof Police Station also made it clear that no unlicensed vehicles, unlicensed motorbikes and quad bikes will be allowed to use the R332 as this is a public road.



Flying over the Reserve – At the moment, there is an airstrip situated at Zandvlakte that is being used on a regular basis. Mr. Gareth Eloff will obtain the necessary permission and information regarding the airspace that aeroplanes will be able to use when flying over the Nature Reserve. He will provide feedback on this issue ASAP.

ECPTA communication between the gates - On the ground communication is working fairly well at the moment. Gate guards communicate to one another via radio. A radio tower is situated at Drinkwaterskloof which connects the two gate points, making it possible for them to communicate with one another.

Friends of Baviaanskloof - Mr. Gavin Shaw explained that this interest group is lending a lot of support to ECPTA. He emphasized once again that FOB are not allowed to stop and question anyone entering the Nature Reserve unless accompanied by an ECPTA official.

Blackstones

Die blackstone kragopwekkers wat in die vyftiger jare by Willowmore se kragsentrale gevoeg is, het 'n groot gebeurtenis in die dorp teweeg gebring. Alle raadslede en belangstellendes was teenwoordig elke keer wanneer hierdie kragopwekkers aangeskakel is en inwoners het groot voordeel uit hierdie "monument" getrek. Elektrisiteit was 24 uur vir 7 dae van die week beskikbaar en personeel het om die beurt nagskof gewerk in die kragsentrale.

Willowmore Toerisme het die blackstones tot hul oorspronklike prag gerestoureer en besoekers aan Willowmore kan nou hierdie geskiedkundige kragopwekkers gaan bekyk. Belangstellendes kan vir Jane



Bo: Die Blackstones in Willowmore

by Toerisme (044 923 1702) skakel vir verdere inligting. Besoeke aan die blackstones is gratis en hulle sal op die laaste Vrydag van elke maand aangeskakel word.

DORPSINGANGE

Beide ingange in Willowmore en Steytlerville spog met nuwe 1,2 m x 1,8 m borde wat besoekers welkom heet *(bo)*

VERFRAAIING VAN ONS DORPE

Baviaans Toerisme begroot elke jaar vir die ontwikkeling van toerisme produkte.

Baviaans Toerisme, in samewerking met Steytlerville Toerisme Vereniging en die Museum Komitee het besluit om die buitelug implemente museum op te gradeer. Daar is, onder andere, bome; bougainvilleas en soutbos heinings aangeplant en die implemente is oorgeverf. *(foto regs)*

In Willowmore, met die hulp van Joanne Kroon, is *Mop Head* bome in die hoofstraat geplant en behalwe die mooimaak van die rooibrug by Zaayman's Garage, is daar nog baie in die pyplyn. *Hou hierdie spasie dop!*